# Satan se gif vs God se medisyne

jaco van rooyen

Jy moet ook dit weet, Timoteus, dat daar gedurende die laaste dae moeilike tye sal kom. Want mense sal net hulleself en hulle geld liefhe. Hulle sal grootpraterig en arrogant wees, met God spot, ongehoorsaam aan hulle ouers en ondankbaar. Hulle sal niks as heilig beskou nie. Hulle sal liefdeloos en onvergewensgesind wees; hulle sal ander mense belaster en geen selfbeheersing he nie; hulle sal wreed wees en geen belangstelling he in wat goed is nie. Hulle sal hulle vriende verraai, roekeloos wees, hooghartig, en hulle sal plesier liewer he as vir God. Hulle sal optree asof hulle godsdienstig is, maar dit wat aan die Christelike godsdiens sy innerlike krag gee, ignoreer. Jy moet wegbly van sulke mense af.. – 2 Tim 3:1-7

Moenie die sondige wereld en die dinge van die wereld liefhe nie. As iemand die wereld liefhet, is die Vader se liefde nie in hom nie. Die wereldse dinge – alles wat die sondige mense begeer, al sy gesteldhied op besit – kom nie van die Vader nie, maar uit die wereld. –1 John 2:15-17

–

## 1. Begeertes van vlees

Die dinge wat ons sondige geaardheid ons laat doen, is bekend: seksuele sondes, vuil gedagtes, losbandigheid, afgodery, towerkuns, vyandigheid, rusie, jaloesie, woede, selfsugtige ambisie, verdeeldheid, partyskappe, afguns, dronkenskap, wilde partytjies en al sulke dinge. Ek herhaal my vroeere waarskuwing oor hierdie dinge: Wie sulke dinge doen, sal nie as erfgenaam deel he aan God se koningsheerskappy nie. Gal 5:19 -21

## 2. Begeerte van die oog

Daarom moet julle die volgende wereldse dinge afsterf wat deel van julle lewe is: seksuele sondes, alles wat julle onwaardig maak om God te ontmoet, wellus, slegte begeertes en gierigheid, wat van geld n god maak. Dit is oor sulke goed dat God se vreeslike straf ongehoorsame mense tref. Vroeer was hierdie dinge ook deel van julle leefstyl. Kol 3:5-7

## 3. Trots van lewe

Liewe broers en susters, dink maar net terug hoe jule eie situasie destyds was toe God julle geroep het. Gemeet aan menslike standaarde was daar maar min intellektueles onder julle, nie baie magtiges nie, nie baie uit vooraanstaande families nie. Nietemin het God doelbewus dit wat vir die wereld na dommigheid gelyk het, uigekies om die slim mense skaam te maak en dit wat vir die wereld onaansienlik en gering lyk, ja wat vir die wereld gald nie n faktor is nie, het God uitgekies om wat vir wereld wel belangrik is, totaal af te skryf. Gevolglik het niemand enige grond om sy bors voor God uit te stoot nie. 1 Kor 1:26-31

–

## Vernuwing van denkpatrone

Moenie julle leefstyl aanpas by die gedragspatrone van hierdie wereld nie, maar laat God julle omvorm deurdat Hy julle denkpatrone vernuwe. Dan sal julle goed kan onderskei wat Hy wil he dat julle moet doen, naamlik dit wat werklik goed en aanvaaarbaar en volmaak is. Rom 12:2

As jou sondige natuur jou denke oorheers, lei dit tot die dood. Maar as die Gees jou denke oorheers, beteken dit vir jou ware lewe en vrede. Rom 8:6

## Senuwee




## Tak



## “Doring Boom”



## “Groen Boom”

